
Haidhausen
AU



# Soli Deo Gloria

Karl Holz



1 'n Loflied van Dawid. Ek
wil u lof verkondig, my God
en Koning, ek wil u Naam
altyd loof. 2 Elke dag wil ek
U loof, ek wil u Naam altyd
prys. 3 Die Here is groot,
alle lof kom Hom toe, sy
grootheid is
ondeurgrondelik.
Psalm145:1-3



6 Ek sê vir die noorde: Gee! vir
die suide: Moet hulle nie
terughou nie! Bring my seuns
van ver af, my dogters van die
uithoeke van die aarde af, 7
elkeen wat na my Naam
genoem word, elkeen wat Ek
geskep het tot my eer, wat Ek
gevorm het, wat Ek gemaak
het. Jesaja 43:6-7



1In die begin was die
Woord daar, en die Woord
was by God, en die Woord
was self God. 2Hy was
reeds in die begin by God. 3
Alles het deur Hom tot
stand gekom: ja, nie 'n
enkele ding wat bestaan,
het sonder Hom tot stand
gekom nie. Johannes 1:1-3



31 Of julle eet en of julle
drink of wat julle ook al
doen, doen alles tot eer
van God.1Kor 10:31



8 Dink hieraan en luister, neem dit
ter harte, julle oortreders. 9 Dink
aan wat vroeër gebeur het, lank
gelede; Ek is God, daar is geen
ander nie; Ek is God, daar is
niemand soos Ek nie. 10 Ek
kondig vantevore aan wat later
sal kom, lank tevore al wat nog
nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek
besluit het en dit gebeur, wat Ek
wil, doen Ek. Jesaja 46:8-10



11 Ek roep 'n roofvoël uit die ooste, uit 'n ver land roep Ek 'n man wat my besluit sal uitvoer. Ek het dit gesê, en Ek sal hom laat kom, Ek het dit beplan en Ek sal dit doen. Jesaja 46:11